

## WAARNEMING AS DATA-INSAMELINGSMETODE IN GEMEENSKAPSKOMMUNIKASIE

Communitas

ISSN 1023-0556

2001 6: 53-74

**G.P. van Rhee de van Oudtshoorn\***

---

### ABSTRACT

*Observation is by definition an activity that human beings partake in on a daily basis. As a research tool observation has to a great extent been limited to certain sub-disciplines – specifically Anthropology. Due to the qualities of observation as a method of gathering data one can, of course, easily motivate the use of observation in research focused on Communication Science. Although the nature of observation as activity is very subjective, very distinct steps can be taken to enhance the credibility of observation through the professional use of field notes in its various forms, as well as by complementing the observation by other data gathering methods. The process involved in using observation as a tool in research methodology is also quite explicit. Perhaps the biggest decision to take in a research study involving observation is on which level the observation will take place; in other words what the extent of participation on the part of the researcher will be. The extent of openness and disclosure regarding the activities and role of the researcher towards the objects of observation also warrant consideration.*

---

\* G.P. van Rhee de van Oudtshoorn doseer in die Departement Kommunikasie en Inligtingstudie aan die Universiteit van die Vrystaat.

## INLEIDING

Daar is verskeie wyses waarop *homo sapiens* se aksies rakende kommunikasie bestudeer kan word. Blote waarneming is een van hierdie wyses en is as sulks geen uitsonderlike of eenaardige aktiwiteit nie. Enige mens bevind hom- of haarself daaglik in 'n situasie waar daar (bewustelik of onbewustelik) waarneming van 'n ander persoon of groep persone plaasvind. Sommiges maak selfs 'n beroep daarvan, soos byvoorbeeld joernaliste, dokters, psigiaters en navorsers, om maar net enkeles te noem.

Binne 'n wetenskaplike konteks kan waarneming binne die interpreterende sosiale wetenskap geplaas word (vgl. Neuman 1994:61). Die taak van die sosiale wetenskaplike is onder meer om die betekenis en die ervaringe van sosiale akteurs te interpreteer – 'n taak wat volgens Burgess (1984:78) slegs voltooi kan word deur die een of ander vorm van deelname met die individue betrokke. Hierdie deelname, hetsy direk of indirek, korreleer positief of soms selfs negatief met die geloofwaardigheid van die navorsing. Die navorsers se deelname en invloed op die betekenis en die ervaringe (en derhalwe ook die kommunikatiewe aksies) van sosiale akteurs is hier ter sake. In 'n waarnemingstudie het die navorsers eerstehandse kontak met die waarnemingssubjek(te). Vanweë die waarnemer se nabyheid aan die waarnemingssubjekte, is die navorsers se strategies beter toegerus om onbelangrike en misleidende vrae en probleem-situasies te vermy, en *vice versa* (Dean, Eichhorn & Dean 1969:22; Leik 1972:37). Binne al die verskillende wyses van bestudering, is waarneming sekerlik een van die subjektiefste en laat dié data-insamelingsmetode hom tot die bepaalde vooroordele van die idiosinkratiese waarnemer. Hierdie vooroordele is onvermydelik maar daar kan definitiewe stappe gedoen word om dit uit te skakel of te beperk (Johnson & Johnson 1990:171).

'n Waarnemingstudie word afgeneem in die natuurlike omgewing van die waarnemingssubjekte (vgl. McNeill 1990:56; Neuman 1994:331; Burgess 1984:79; Waddington 1994:108). Indien die waarnemingssubjekte verwyder word uit die natuurlike omgewing, sal die studie 'n laboratoriumeksperiment word en dus nie veldnavorsing wees nie. Die metodologie van waarneming is geskik vir studies rakende byna elke aspek van die menslike bestaan, veral wanneer daar baie min bekend is rakende die fenomeen wat bestudeer word; wanneer daar wesenlike verskille is tussen die beskouings van betrokkenes en nie-betrokkenes; en wanneer buitestaanders en die

publiek nie die fenomeen in betragting kan neem nie (Jorgensen 1991:12). Wimmer en Dominick (1994:141) is van mening dat waarneming bruikbaar is vir die insameling van data sowel as vir die generering van hipoteses en teorieë. Dit is dus duidelik dat 'n magdom kommunikasiesituasies geskik is vir hierdie tipe data-insamelingsmetode. In prinsiep word dit van die deelnemende waarnemer verwag om die werklike navorsingstaak versteek te hou van die waarnemingssubjekte (Friedrichs & Lüdtkke 1975:161) alhoewel daar uitsonderings op die reël is wanneer etiese vraagstukke in aanmerking geneem word.

### **AARD EN KENMERKE VAN DIE WAARNEMINGSPROSES**

Die mees basiese kenmerk van 'n waarnemingstudie is dat die waarneming nie kan plaasvind sonder twee belangrike komponente nie, naamlik aksies en uitlatings (Sanjek 1990:38). Beide aksies en verbale uitlatings kan as vorme van kommunikasie beskou word. Daar kan egter gestel word dat 'n blote waarneming kan plaasvind sonder dat die aksies of uitlatings teenoor of saam met die waarnemer gemaak word; derhalwe word 'n transaksionele interaksie oftewel 'n transaksionele kommunikasieproses tussen waarnemer en waargeneemde nie benodig nie. Die waarnemer het op die vlak van algehele waarnemer nie die kameraadskap van 'n informant nodig om die waarneming te maak nie. Maykut en Morehouse (1994:69) ondersteun hierdie siening implisiet met die stelling dat die taak voorhande betreffende die waarnemer een is wat luister en ywerige waarneming behels in 'n gegewe situasie, organisasie of kultuur in 'n poging om die waarnemingssubjek(te) beter te verstaan.

Verskeie terme word gebruik om waarneming binne 'n wetenskaplike konteks te omskryf, naamlik deelnemende waarneming, veldwaarneming, etnografie, kwalitatiewe waarneming, direkte waarneming of veldnavorsing (Lofland 1971:93; Neuman 1994:330). Al hierdie bogenoemde terme verwys na die omstandighede waarin 'n waarnemer homself bevind oor 'n bepaalde tydspanne, hetsy overt of kovert, met die doel voor oë om die omstandighede kwalitatief te analiseer deur deel te neem aan die daaglikse bestaan van die persone wat waargeneem word en te kyk, te luister en te vra (vgl. Becker & Geer 1969:322; Robson 1993:190). McNeill (1990:68) veroordeel egter die gebruik van omvattende terme vir waarneming en motiveer dat deelnemende waarneming slegs een wyse is waarop data versamel word en nie 'n algehele strategie vir sosiale navorsing is nie.

Waarneming as data-insamelingsmetode word omskryf as ekonomies in terme van finansiële kostes en toerusting, maar duur in terme van tyd (Sommer & Sommer 1980:32). Sou die waarnemer te min tyd in die waarnemingsgebied spandeer, loop die navorser die gevaar om belangrike data uit te laat en dus onvoldoende data tot sy/haar beskikking te hê. Die volledige, gekontekstualiseerde waarneming van aksies is dus hier ter sprake. Binne 'n Suid-Afrikaanse konteks is waarneming veral geskik waar heelwat van die daaglikse roetine van die plattelandse bevolking en agtergeblewe gemeenskappe plaasvind in die openbaar, soos byvoorbeeld die kook van kos, was van wasgoed, oppas van kinders, rituele of danse en plaaswerk (Peil 1982:160).

Waarnemingstudies word beskou as die antwoord op die kritiek wat uitgespreek word teenoor laboratoriumeksperimente (McNeill 1990:57; Makut & Morehouse 1994:68), terwyl dit ook gesien word as komplimentêr daartoe in die vorm van beheerde waarneming (Robson 1993:192). In die studie van kommunikatiewe optredes bied waarneming dus 'n ideale data-insamelingsmetode wat alleenstaande of komplimentêr tot 'n ander data-insamelingsmetode gebruik kan word. Die waarnemingsproses as data-insamelingsmetode word egter beperk deur sekere wesenlike praktiese implikasies, soos byvoorbeeld toegang tot 'n toepaslike omgewing, die feit dat die navorsingsprobleem te make het met die interaksies en betekenisdeling vanuit 'n betrokke-perspektief, en die grootte van die subjek/fenomeen wat bestudeer word (Jorgensen 1991:13). Die beperking lê dus daarin geleë dat waarnemingstudies meer bruikbaar is in beskrywende en verkennende studies as in ander studies soos die toets van 'n bepaalde teorie. Soos alle kwalitatiewe tegnieke het waarneming meer te make met beskrywing en verduideliking as met kwantifisering en meting (Wimmer & Dominick 1994:141). Waddington (1994:108) beweer dat die oorkoepelende strategie eerder induktief as deduktief is. Dean, Eichhorn en Dean (1969:20) stel dit onomwonde dat een van die belangrikste karaktereenskappe van waarneming en onderhoudvoering in die veld die ongestandaardiseerdheid daarvan is. Hierdie eienskap maak die data wat versamel is, gewoonlik nie geskik vir statistiese ontleding nie, alhoewel kwantitatiewe eienskappe vermeld word (soos byvoorbeeld die hoeveelheid waarnemingssubjekte, die aantal kere wat 'n bepaalde aksie herhaal is, ensovoorts).

Jorgensen (1991:19) beskou waarneming in kort as 'n poging om 'n fenomeen omvattend en volledig te beskryf in terme van 'n navorsingsprobleem. Eenvoudiger gestel is waarneming die geskikte keuse van aktiwiteit waarop 'n navorser op 'n bepaalde tydstip binne 'n bepaalde omstandigheid steun om inligting te kry (Friedrichs & Lüdtke 1975:7). Die groot voordeel van waarneming is, volgens Robson (1993:191), die direktheid daarvan. Geen vrae hoef gevra te word aan die waarnemingssubjekte nie; daar kan bloot net waargeneem word.

## **DIE ONTWIKKELING VAN WAARNEMING AS DATA-INSAMELINGSMETODE**

Kortliks gestel het waarneming as data-insamelingsmetode ontwikkel uit die verfyning en sistematisering van die daaglikse prosesse wat gebruik word om inligting uit die realiteit te verkry (Friedrichs & Lüdtke 1975:3). Neuman (1994:332) stel dit dat ontdekkingsreisigers in die dertiende eeu se waarnemings as veldnavorsing beskou kan word. Hierdie waarnemings was beskrywend van aard. Die aanvang van die deelnemende waarnemingsbenadering in navorsing kan teruggevoer word na die menigte vroeë antropologiese studies vanaf 1855 (Bruyn 1966:9). Sommige outeurs is van mening dat die *Chicago School of Sociology* die benadering van deelnemende waarneming gepionier het (Sommer & Sommer 1980:37; Neuman 1994:332). Volgens McNeill (1990:4) het die afneem van vroeëre waarnemingstudies behels dat die waarnemer die sosiale prosesse van 'n groep waarneem en ook self deelneem in die doen en late van die groep. Daarom word soveel waarnemingstudies binne etnografiese en antropologiese ondersoeke gevind (vgl. Maykut & Morehouse 1994:69). Hierdie ouer studies het volgens Coertze (1993:71) 'n intuïtiewe subjektiwiteit gehad. Die twee bogenoemde komponente (waarneming en deelname) is dan vermeng met onderhoudvoering ten einde omvattender en ryker data te bekom.

Antropoloë gebruik nog altyd deelnemende waarneming as hul hoof data-insamelingsmetode (McNeill 1990:68). Die neerslag van antropologiese studies is sterk te vinde in waarnemingstudies, soveel so dat dit moeilik is om 'n bron te vind wat waarneming omskryf sonder om dit binne antropologiese terme of die beskrywing van antropologiese studies (en direk aangehaalde voorbeelde daarvan) te verdiep. Daar bestaan dus 'n leemte in hierdie verband rakende studies wat primêr op kommunikatiewe interaksies gerig is en nie op

holistiese, inklusiewe studies van interaksies wat kommunikasie insluit nie. Op die oog af blyk dit dat antropologiese of etnografiese studies nog altyd die beproefde resep van die voorgangers in die veld gevolg het. Tog word daar beweer (Sanjek 1990:92) dat selfs binne die antropologie daar 'n definitiewe evolusie plaasgevind het tussen 1880 en 1980 rakende die patrone in die skryf van veldnotas. Sekerlik het die ontwikkeling van die tikmasjien, oudio- en oudiovisuele toerusting en daarna die rekenaar hier 'n groot rol gespeel in die notulering van waarnemings.

Dit wil ook voorkom asof die hedendaagse uitkyk op die bestudering of waarneming van 'n waarnemingssubjek verander ten opsigte van die tradisionele antropologiese uitkyk. Moderne navorsers huldig 'n meer gefokuste uitkyk wat meebring dat gebeure en stellings wat duidelik buite die navorsingsontwerp val, geïgnoreer word, tensy die gebeure en stellings met reg aanleiding gee tot 'n metamorfose van die navorsingsontwerp. Historiese antropoloë het geglo dat alle gebeure en stellings bestudeer moet word (Johnson & Johnson 1990:169).

## **DIE VERLOOP VAN DIE WAARNEMINGSTUDIE**

Soos reeds vermeld is dit moeilik om 'n bespreking van waarneming as data-insamelingsmetode te maak sonder om die sterk antropologiese inslag te akkommodeer. Die verloop van 'n waarnemingstudie word dus deur verskeie outeurs redelik vaag omskryf (byvoorbeeld Neuman 1994:30) om voorsiening te maak vir die vermindering van die risiko vir die voortbring van defensiewe of selfbewuste gedrag (Waddington 1994:109). Die enigste logiese verklaring hiervoor is moontlik dat waarnemingstudies idiosinkraties is en dus struktureel gelei word deur die bepaalde studie (vgl. Sanjek 1990:92). Tog wyk die basiese verloop van 'n waarnemingstudie nie veel af van die rasionaal van ander navorsingstudies nie. Dit is wys om kriteria uitgestip deur ervare waarnemers te volg in die beplanning van 'n waarnemingstudie (vgl. Friedrichs & Lüdtker 1975:213-215; Neuman 1994:336-355; Robson 1993:201).

Ten eerste moet daar aanvaar word dat geen waarnemer ten volle naïef en onbevooroordeeld in die waarnemingsgebied stap nie. Die waarnemer het reeds geformuleerde navorsingsontwerpe en navorsingsvrae in gedagte voordat die data-insameling begin (Johnson & Johnson 1990:173; Vidich 1969:78). Die aanvang van die waarnemingstudie word soos met ander navorsingstudies ook geneem deur die keuse van 'n onderwerp. Die keuse sal, volgens McNeill

(1990:70), altyd 'n gevolg wees van die navorser se wye belangstellings en sy basiese nuuskierigheid, terwyl daar gewoonlik ook 'n wisselwerking is met teoretiese aannames, areas van navorsingsbelangstelling en die navorsingsmetode wat gekies word. Dean, Eichhorn en Dean (1969:22) beweer egter dat die waarnemer/navorsers die navorsingsprobleem kan herformuleer met die verloop van die studie. Na hierdie eerste stap word 'n literatuuroorsig gedoen.

Na die voorafvermelde stappe tree die invloed van die aard van die waarnemingstudie sterker in. Die navorser sal op hierdie stadium op 'n bepaalde groep moet besluit en deel word van daardie groep ten einde die groep waar te neem (McNeill 1990:72). Die etiese vraag wat die navorser aan homself moet stel en aan die vereistes van die studie moet meet, is of daar van overte of koverte middele gebruik gemaak gaan word om toegang te verkry tot die waarnemingsomgewing. Maykut en Morehouse (1994:70) huldig die siening dat misleidende en koverte oefeninge nie in pas is met etiese praktyke nie. Sommige studies laat egter nie 'n overte benadering toe nie omrede die bewustheid van 'n waarnemer die gedrag van die groep sal beïnvloed en dus die data sal verwing. Om in die groep aanvaar te word, is egter dikwels 'n baie moeilike taak. Daar moet soms selfs toestemming van 'n gesagsfiguur verkry word voordat die navorser mag poog om die groep te betree (Analoui & Kakabadse 1992:10; McNeill 1990:75). Friedrichs en Lütke (1975:159) is van mening dat die sosiale integrasie van die waarnemer 'n dinamiese proses is. Om so 'n deel te word van 'n bepaalde groep sodat 'n vertrouensverhouding ontstaan, geskied nie plotseling nie. Die ongestruktureerde aard van die waarnemingstudie kan die navorser behulpsaam wees in die sin dat die navorser op 'n geskikte pas homself in die groep kan laat tuis voel (Dean, Eichhorn & Dean 1969:22).

McNeill (1990:77-81) beveel drie fases in die verloop van die studie aan nadat die waarnemer toegang tot die groep verkry het. Die eerste fase behels, in kort, dat die waarnemer 'n ope gemoed moet handhaaf vir die patrone wat figureer binne die groep en dat die waarnemer noukeurige notas moet maak van die gebeure en gesprekke wat gevoer word. Die tweede fase behels die kristallisering van idees en die versterking van verhoudinge met sleutelinformante ten-einde meer data te bekom. In die laaste fase onttrek die waarnemer hom van die groep, analiseer die data en skryf die navorsingsverslag.

## **VLAKKE VAN WAARNEMING**

Die vlak van waarneming, oftewel die mate waarin die rol van die waarnemer bekend is aan die navorsingssubjekte (ook genoem die intensiteit van die deelname van die waarnemer (Friedrichs & Lütke 1975:34)), wissel weer eens van waarneming tot waarneming (Schwartz & Green Schwartz 1969:98; McNeill 1990:81). Twee dimensies is egter ter sprake: die mate waartoe die navorser deelneem aan die gedrag wat waargeneem word en die mate waartoe die waarneming verdoesel word (Wimmer & Dominick 1994:141). Die spesifieke vlak van waarneming word bepaal deur die aard en doel van die betrokke waarnemingstudie. Situasies kan ontstaan waar data slegs verkry kan word deur deelnemende waarneming (Sommer & Sommer 1980:37). Daar kan egter met sekerheid aanvaar word dat daar basies vier vlakke van waarneming is wat wissel van die algehele deelnemer aan die een uiterste tot die algehele waarnemer aan die ander uiterste.

### **Algehele deelnemer**

Die algehele deelnemer is in interaksie (so natuurlik as moontlik) met die waarnemingssubjekte in watter areas van hul lewens hom ook al interesseer en waarin hy verlangde rolle kan vervul of leer om te vervul sonder dat sy ware identiteit of doel bekend is aan die waarnemingssubjekte (Gold 1969:33; Friedrichs & Lütke 1975:34; Neuman 1994:345; Robson 1993:196). Op hierdie vlak van waarneming is die studie dus 'n koverte een (Burgess 1984:80; Waddington 1994:108).

Schwartz en Green Schwartz (1969:96) beskou die algehele waarnemer se doel as om die doen en late van die waargeneemde te ervaar sodat hy dit beter kan waarneem en verstaan. Robson (1993:194) is van mening dat die deelnemende waarnemer ook toegang moet verkry tot die sosiale en simboliese wêreld van die waarnemingssubjek deur die aanleer van die groep se sosiale gewoontes, hul gebruik van taal en nieverbale kommunikasie, ensovoorts.

Die algehele deelnemende waarnemer moet homself voortdurend herinner aan sy primêre rol: dié van waarnemer. As die vereistes van die voorgestelde rol té veel raak vir die navorser, kan die navorser nie meer optree as waarnemer nie en moet die navorser uit die voorgestelde rol tree (Gold 1969:34).



### **Deelnemer-as-waarnemer**

Die rol van deelnemer-as-waarnemer is byna identies aan dié van die algehele deelnemer, behalwe in die sin dat die waarnemingssubjekte bewus is van die navorser se rol as waarnemer en nie net bewus is van die voorgestelde rol nie (Neuman 1994:345; Waddington 1994:108). Die groot sleutel tot sukses van die deelnemer-as-waarnemer lê in die vertroue wat wedersyds gehandhaaf moet word; hierdie vertroue neem egter tyd om te ontwikkel (Gold 1969:35). Verhoudings met informante word as vriendskapsverhoudinge beskou en die gevaar bestaan dat die navorser beïnvloed kan word deur die verhoudings met die informante en dus bevooroordeel raak – iets wat hierdie vlak van waarneming byna net so moeilik maak soos dié van algehele deelnemer (Gold 1969:35-36). Volgens Friedrichs en Lütke (1975:34) word deelname beperk deur die rol en doel van die waarnemer.

Robson (1993:197) lê ook klem op die vertrouensverhouding omdat dit die waarnemer in staat stel om die waarnemingssubjekte te vra om uit te brei op sekere response of om sekere aksies en sekere interaksies te verduidelik. 'n Groot voordeel van hierdie vlak van waarneming is dat dit die waarnemer die vryheid gee om na die aksie te gaan wat relevant is vir die studie (Burgess 1984:82).

### **Waarnemer-as-deelnemer**

Hierdie vlak van waarneming word gebruik in studies waar die waarnemer die waarnemingssubjek vir 'n kort periode waarneem en gaan gewoonlik gepaard met 'n redelik gestandaardiseerde onderhoud. Die waarnemer het beperkte of formele kontak met die waarnemingssubjekte (Neuman 1994:345). Waddington (1994:108) beskryf kontak met waarnemingssubjekte op hierdie vlak as oppervlakkig. Daar is min integrasie maar 'n sterk klem op waarneming (Friedrichs & Lütke 1975:34). Hierdie vlak van waarneming laat homself bloot tot waninterpretasies en selfs frustrasies (Gold 1969:36). Volgens Robson (1993:198) gebruik heelwat navorsers hierdie vlak van waarneming deur die toepassing van gesistematiseerde waarneming.

### **Algehele waarnemer**

Dit is vanselfsprekend dat die algehele waarnemer nie deel in die aktiwiteite van die waarnemingssubjekte nie en dus sy afstand teenoor die waarnemingssubjekte behou. Die navorser poog om mense waar te neem sonder dat dit nodig vir hulle is om hom in aanmerking te neem

en sonder die kennis dat hulle vir die navorser as informante dien of dat hulle waargeneem word (Gold 1969:37; Neuman 1994:345). Die algehele waarnemer sal metodes soos meeluistering en verkenning gebruik om data in te samel (Burgess 1984:82; vgl. Waddington 1994:108). Indien die waarnemer informante gebruik, geskied dit indirek deur onderhoude (vgl. Friedrichs & Lüdtke 1975:34). Om waarnemingssubjekte waar te neem deur eenrigting spieëls val ook onder hierdie vlak van waarneming (Peil 1982:159).

Hierdie vlak van waarneming word selde gebruik en word beskou as ondergeskik teenoor die voorafgenoemde drie vlakke ongeag die feit dat hierdie vlak van waarneming die minste kans inhou vir die waarnemer om deur die waarnemingssubjekte beïnvloed te raak (of *vice versa*); etnosentrisme is egter 'n gevaar (Gold 1969:37).

### **INSAMELING VAN DIE DATA**

Betrokkenheid in die waarnemingstudie ten einde data te versamel geskied op verskillende wyses. Die waarnemer kan sy rol as waarnemer verberg (kovert) van die persone wat deelneem aan die sosiale interaksie wat bestudeer word of die navorser kan as deelnemer aan die sosiale interaksie besluit om die situasie te analiseer en dus as onverbergde waarnemer (overt) optree om in hierdie doel te slaag (vgl. Lofland 1971: 93).

Waddington (1994:109) stel met goeie reg voor dat die navorser eers 'n bepaalde periode neem om te akklimatiseer alvorens daar met die afneem van veldnotas begin word. Hierdie periode stel die navorser in staat om seker te maak of hy/sy in die regte omgewing is en om die navorser behulpsaam te wees in die soeke na sin in die eindelose warwoel van aktiwiteite.

Nadat die data vasgevang is in die waarnemer se veldnotas wat op die oomblik van waarneming genoteer is, is daar altyd die gevaar dat die navorser sekere elemente van die waarneming kan vergeet. Sanjek (1990) maak melding van navorsers wat selfs meer as hul veldnotes vanuit die waargeneemde gebied terugbring het – onder meer foto's, opnames van gesprekke en/of onderhoude, pottebakkerskuns en, redelik logies, die waarnemer self (vanweë verstandsnote beskou sommige waarnemers hulself as 'n veldnota) om die geheue te verfris. Die lees van veldnotas verg nie net die onthou van die eksplisiete waargenome detail nie, maar ook die onthou van enige vooroordele en voorkeure wat 'n belangrike en tog grootliks stilswyende rasionaal vir

insluitings en uitsluitings kon inhou (Lederman 1990:80; Peil 1982). Johnson en Johnson (1990:165) beveel 'n gestruktureerde vraelys (oftewel gelyste waarnemingsonderwerpe) aan waarvolgens die waarnemer sy aksies rig en wat die kwantifisering van die data vergemaklik. Robson (1993:200) noem nege dimensies wat teenwoordig moet wees in die vorm van 'n bespreking in die notas van 'n waarnemingstudie, naamlik die uitleg van die fisiese omgewing, beskrywings van die waarnemingssubjekte betrokke, aktiwiteite, objektiewe oftewel fisiese elemente, spesifieke individuele aksies, spesifieke gebeurtenisse, tydsvolgorde, die doelstellings van die waarnemingssubjekte en die gevoelens in die spesifieke waarnemingskontekste. Hierdie nege dimensies word deur Burgess (1984:96) beaam.

### **Waarnemersgedrag**

Die rol van die waarnemer en die geopenbaarde of verskuilde waarnemersgedrag behels dat die waarnemer as aanvanklike vreemdeling 'n rol moet aanneem wat aanvaar word deur die lede van die waargenome gebied (Friedrichs & Lütke 1975:22).

Daar is natuurlik ook verskeie interessante situasies waarin 'n navorser kan beland sou hy/sy besluit om 'n deelnemende waarnemer te word. Jorgensen (1991:21) skryf van 'n navorser wat die gedrag van baaiers op 'n nudistestrand wou bestudeer en wat as deelnemende waarnemer self van sy klere ontslae moes raak. Dit kan slegs aangeneem word dat daardie navorser nie juis plek gehad het om 'n notaboekie byderhand te hou nie en sterk op sy geheue moes staatmaak! McNeill (1990:72) skryf van 'n studie in die VSA waar die navorser homoseksuele aktiwiteite in publieke toilette bestudeer het. Die navorser wou nie self 'n aktiewe deelnemer word nie en het die probleem opgelos deur as brandwag op te tree vir die aktiewe deelnemers deur hulle te waarsku wanneer vreemdes of die polisie die badkamers nader. Sodoende kon waarneming plaasvind. Die etiese implikasies (hetsy waarnemersgedrag of die publisering) van die bogenoemde studie is egter deur Friedrichs en Lütke (1975:13) bevraagteken.

Ander implikasies vir waarnemersgedrag kan intree wanneer uitheemse kulture waargeneem word (vgl. McNeill 1990:74). Bepaalde Westerse beskouings en oriëntasies kan die studie van nie-Westerse beskawings beïnvloed, terwyl die teenoorgestelde ook waar is.

## Noteringswyses

Daar is verskeie wyses waarop die waarnemer die data kan omskep in 'n tasbare vorm (vgl. Johnson & Johnson 1990). Dit is egter nodig om te beseft dat die tipe noteringswyse bepaal gaan word deur die konteks en omstandighede waarin die waarneming plaasvind, sowel as die fenomeen wat waargeneem word. Die neem van veldnotas word dus ten sterkste beïnvloed deur die waarnemingssubjek, die waarnemingskonteks en die voorkeure en karaktereïenskappe van die waarnemer. Selektiewe persepsie kan 'n probleem inhou (Friedrichs & Lüdtke 1975:25). Een studie mag direkte waarneming benadruk, 'n ander moontlik direkte of algehele deelname, 'n ander informant-ondervraging terwyl 'n ander moontlik respondente-ondervraging kan benadruk (McCall & Simmons 1969:61). Dit sou in 'n hedendaagse konteks ideaal gewees het om met behulp van videokameras en bandopnemers waarnemings te maak (alhoewel verwarring mag ontstaan tussen waarneming en inhoudsanalise) vanweë die feit dat waarnemersafmatting sodoende uitgeskakel word (Hutt & Hutt 1974:97). Die gebruik van hedendaagse tegnologie word egter nie altyd deur die waarnemingsomstandighede geregtig nie en die gebruik daarvan mag die waarnemingssubjekte beïnvloed. So byvoorbeeld kan die waarneming van 'n dialoog tussen kommunikasiegenote met behulp van 'n bandopnemer of 'n videokamera die kommunikaturs angstig stem en die natuurlike formulering en uiting van boodskappe belemmer.

In antwoord op die vraag van wat 'n veldnota dan werklik is, antwoord Sanjek (1990:92) dat die veldnota ten eerste teks is wat geskryf is vir 'n gehoor van een: dokumente met die sekuriteit en konkreetheit wat die geskrewe woord verleen aan die waarneming. Daarom is dit so moeilik om 'n ander navorser se veldnotas te lees en korrek te interpreteer. Hierdie taak behoort vergemaklik te word indien die waarnemer 'n bepaalde lys van waarnemingsonderwerpe voor die waarneming uitstip (Bruyn 1966:180). Sommer en Sommer (1980:35) noem hierdie proses gesistematiseerde waarneming. Soos vermeld vergemaklik die rigiede struktuur kwantifisering alhoewel sommige nuwe verkennende konsepte verlore kan gaan. So 'n lys word gewoonlik deur antropoloë gebruik en sluit 'n wye verskeidenheid van demografiese en sosiale onderwerpe in (vgl. Johnson & Johnson 1990:180-184). In 'n kommunikatiewe konteks sal so 'n lys bestaan uit moontlike onderwerpe van bespreking, vorme

van nieverbale kommunikasie, en sekere verbale uitdrukkings van affeksie, om maar net enkeles te noem.

Wanneer 'n koverte studie gemaak word, is dit egter 'n noodsaaklikheid dat die notering nie opsigtelik plaasvind nie (vgl. Lofland 1971:102). Hoe meer die noteringswyse 'n normale aktiwiteit in die omgewing voorstel, des te beter (Sommer & Sommer 1980:39).

#### *Verstandsnoras*

Alvorens 'n navorsers binne 'n bepaalde waarnemingskonteks of waarnemingsomgewing inbeweeg, behoort daar alreeds 'n basiese kennis van die waarnemingssubjek te bestaan wat verkry is deur voorafstudie. Hierdie kennis dien as 'n hulpmiddel vir die waarnemer om verstandsnoras te maak (vgl. Lofland 1971:102). Hierdie verstandsnoras stel die navorsers in staat om later spesifiekhede te onthou en op papier vas te vang. Sommer en Sommer (1980:33) skryf dat blote waarneming sonder enige neem van tasbare notas besonder bruikbaar is in die beginfasies van navorsing.

Die term "headnotes" is volgens Sanjek (1990:93) deur Simon Ottenberg geformuleer en dui op die voortdurend malende gedagtes van die waarnemer, selfs nadat die veldnotas geskryf is. Sommige navorsers het selfs so ver gegaan om slegs verstandsnoras te gebruik in die rapportering van hul data. Dit is egter nie die norm nie.

#### *Kriptiese notas*

Dit mag nodig wees om op meer as die geheue se verstandsnoras staat te maak om die gebeurtenisse en waarnemings te bewaar en volledig weer te gee. In studies van kommunikasie sal dit veral moeilik wees om spesifieke nieverbale gedragspatrone of self verbale uitings te onthou. Een so 'n wyse wat dien as 'n hulpmiddel vir die latere volle opskryf van waarnemings is om gebruik te maak van kriptiese notas. Kriptiese notas word in die waarnemingsomgewing gemaak (Neuman 1994:350).

Lofland (1971:102) omskryf kriptiese notas as die frases, aanhalings en sleutelwoorde wat neergeskryf word gedurende die waarneming om iets tasbaars te hê wat behulpsaam kan wees wanneer die volle veldnotas later neergeskryf word (vgl. Maykut & Morehouse 1994:73). Sanjek (1990:95) beskryf hierdie tipe notas rofweg as "krapnotas", wat aanhalings van die gesprekke van die waarnemingssubjekte insluit. Maar selfs ten tyde van die skryf van veldnotas moet sorg aan die dag gelê word dat data nie verlore gaan

nie. Sanjek (1990:96) beweer met reg dat die notas wat geneem word tydens die waarnemingsproses die waarneming kan versteur of onderbreek en dus in werklikheid inmeng met die waarneming as werklike einddoel.

Maar selfs die kriptiese notas as latere hulpmiddel kan die waarnemer twee maal laat dink en selfs laat twyfel oor wat en wie werklik waargeneem is (Lederman 1990:73). Dit is dus logies dat daar nie veel tyd verspil moet word tussen die skryf van die kriptiese notas en die skryf van die volle veldnotas nie om te verseker dat daar so min detail as moontlik vergeet word.

#### *Direkte waarnemingsnotas*

Hierdie tipe notas word nie deur baie outeurs genoem nie, maar kan basies gesien word as die stap tussen kriptiese en volle veldnotas. Hierdie tipe nota is vollediger as die kriptiese nota, maar moet steeds omskep word in die volle veldnota (Neuman 1994:351).

#### *Navorsergevolgtrekkingsnotas*

Hierdie tipe nota vorm deel van die kriptiese of direkte waarnemingsnotas maar verskil in die opsig dat die gevolgtrekkings van die navorser subjektief is en dus nie deel vorm van die werklike waargenome aktiwiteite nie (Neuman 1994:352). Die navorser sal dus in die analisering van die data hierdie notas as 'n aparte entiteit hanteer.

#### *Persoonlike notas*

Ten tyde van 'n waarnemingstudie is die persoonlike en emosionele toestand van die waarnemer deel van dit wat waargeneem word. Omrede die navorser oftewel waarnemer self die instrument is wat die data encodeer en dus weer moet dekodeer, sal bepaalde persoonlike toestande die data-insamelingsproses beïnvloed. Persoonlike notas bied dus meer lig op die notas wat geneem is rakende die analisering daarvan en word óf apart óf tussenin die kriptiese of navorsergevolgtrekkingsnotas neergeskrywe en aangedui met die afkorting OC (vgl. Neuman 1994:353).

#### *Analitiese notas*

Hierdie tipe notas word op dieselfde wyse hanteer as die navorsergevolgtrekkingsnotas, maar het egter uitsluitlik te make met die besluite van die navorser rakende die metodologie van die waarnemingstudie. Die navorser mag dalk besluit om af te wyk van die oorspronklike navorsingsontwerp of selfs die navorsingsprobleem

aan te pas. Sulke veranderinge word dan in die analitiese notas aangedui (vgl. Neuman 1994:352-353).

Navorsergevolgtrekkings-, persoonlike en analitiese notas word gewoonlik aangedui met 'n afkorting of simbool in die kantruimte van die kriptiese of direkte waarnemingsnotas.

### *Volle veldnotas*

Die volle veldnotas van 'n studie is besonders inklusief; dit behels 'n deeglike beskrywing van die konteks waarbinne die studie afgeneem is sowel as 'n deeglike weergawe van die prosedures van die studie van begin tot einde (Brink 1993:38), met inbegrip van aspekte soos aksies en interaksies, eksterne onderbrekings en verbale woorde, stellings of frases (Maykut & Morehouse 1994:76). Sanjek (1990:97) huldig die mening dat die skuif vanaf die kriptiese notas na die skryf van die volle veldnotas 'n skuif van inskripsie na deskripsie is. Die navorser sonder homself in hierdie fase af om alleen aan die einde van 'n waarnemingssessie in afsondering die volle veldnotas te maak. Lofland (1971:103) dring daarop aan dat die waarnemer homself/haarself aan die einde van die waarnemingsperiode moet afsonder om die volle veldnotas neer te skryf en dus die verstandnotas en die kriptiese notas moet omskep in volledige en omvattende veldnotas. Peil (1982:166) beskou die skryf van volle veldnotas as die belangrikste stap in die skryf van veldnotas.

Volle veldnotas (in Engels genoem "thick description") is so omvattend en volledig as moontlik en akkommodeer die voorkoms van patrone volledig (Henning 1993:114). Interessant genoeg maak Sanjek (1990:98) 'n verdere onderskeid in die skryf van die volle veldnotas in die feit dat hy die skryf van volle veldnotas basies aan die voorkeure van die individuele navorser oorlaat. Hierdie toegeeflikheid skep die beeld van 'n kontinuum waarvolgens die skryf van veldnotas wissel van verstandnotas tot uitsonderlik volledige en omvattende volle veldnotas. Vir Maykut en Morehouse (1994:73) is dit egter belangrik dat die navorser veldnotas skryf sonder interpretasie, met ander woorde slegs dit wat gesien en gehoor is. As daar navorsersgevolgtrekkingsnotas of persoonlike notas gemaak word, moet dit so aangedui word sodat die verskil met die res van die notas duidelik is.

### *Joernale en dagboeke*

In die geval van antropologiese studies, word dit dikwels van die navorser verwag om 'n lang periode in die geselskap van die waarnemingssubjekte te bly – soms so lank as 'n paar jaar. In hierdie

gevalle is joernale en dagboeke ook belangrike bronne van inligting (vgl. Sanjek 1990). Maykut en Morehouse (1994:68) raai jong navorsers aan om 'n joernaal of dagboek aan te hou van die begin tot einde van hul navorsingsprojek. Verslae en briewe kan ook hierby ingereken word as daar aangeneem kan word dat die briewe wat navorsers aan hul familieledede skryf, ook as 'n vorm van 'n dagboek beskou kan word (Sanjek 1990:111).

Die implikasies van die gebruik van joernale en dagboeke hou nie net nut in vir antropologiese studies nie. Vir die studie van kommunikasie, soos byvoorbeeld 'n longitudinale navorsingstudie, kan die aanwending van joernale en dagboeke van groot waarde wees vir die waarnemer (vergelyk studies in Wimmer en Dominick (1994:188)).

### *Kaarte en diagramme*

Veldnavorsers skets dikwels die eienskappe van die gebied wat waargeneem word. Maykut en Morehouse (1994:76) beskou die trek van 'n gedetailleerde diagram van die fisiese uitleg van die waarnemingsomgewing as uiters bruikbaar. So 'n rowwe skets van die omgewing word deur Mitchell (1982:62) beskou as 'n grafiese manifestasie van die geesteskaart en dit kan deel vorm van die veldnotas. Volgens Neuman (1994:353) dien kaarte en diagramme twee doele: dit help die navorsers om gebeure in die veld te organiseer en dit help om die waarnemingsomgewing aan ander te verduidelik. Dit kan selfs behulpsaam wees in die verfrissing van die navorsers se geheue (Maykut & Morehouse 1994:76).

## **BETROUBAARHEID EN GELDIGHEID**

Betroubaarheid van 'n data-insamelingsmetode word deur McNeill (1990:14) omskryf as die herhaling van resultate verkry deur twee verskillende navorsers, of dieselfde navorsers maar op twee verskillende geleenthede, waar dieselfde data-insamelingsmetode gebruik word. Geldigheid is wanneer die data wat versamel is, 'n spieëlbeeld is van dit wat bestudeer word (McNeill 1990:15).

Sterk kritiek word uitgespreek teenoor waarneming as data-insamelingsmetode, maar hierdie kritiek word dikwels gefokus op die gebreke van die waarnemer self in die gevalle waar elemente soos objektiwiteit (vgl. Dean, Eichhorn & Dean 1969:21; McCall & Simmons 1969:78; Wimmer & Dominick 1994:143) en noukeurigheid in die persoonlike mondering van die waarnemer



ontbreek. Terme soos “observer bias”, personal equation”, “going native” en “hearsay” word gebruik (McCall & Simmons 1969:2). Robson (1993:202-204) noem selektiewe aandag, selektiewe enkodering, selektiewe geheue en interpersoonlike faktore as potensiële waarnemersvooroordele. Hierby kan die taal- ofte wel enkoderingsvoorkeure en vooropgestelde kommunikasienorme van die waarnemer gevoeg word. Die rede vir sulke skerp uitlatings is die feit dat die betroubaarheid, geldigheid en vergelykbaarheid van die data afhanklik is van die waarnemer (Friedrichs & Lüdtko 1975:22). Robson (1993:195), Brink (1993:35) en Burgess (1984:79) beskou die waarnemer self as die navorsingsinstrument.

Volgens Jorgensen (1991:36) lewer deelnemende waarneming hoogs geldende konsepte vanweë die feit dat die waarnemer die eerstehandse geleentheid het om veelvuldige indikatore van die konsepte te versamel (vgl. Bruyn 1966:180). Vanweë die feit dat waarnemingstudies moeilik herhaal word met dieselfde resultate, kan die betroubaarheid van so ’n studie soms bevraagteken word (vgl. McNeill 1990:14). Johnson en Johnson (1990:161) vergelyk die wisselwerking tussen betroubaarheid en geldigheid in pogings om die wetenskaplike en die humanistiese tradisies in antropologie te heg, met olie en water wat nie maklik met mekaar meng nie; elke stap wat geneem word in die rigting van wetenskaplike betroubaarheid blyk ’n stap weg te wees van humanistiese intimiteit (die teenoorgestelde is ook waar) en is selfs as reduksionisties beskryf. Kritiek wat teen waarneming as data-insamelingsmetode uitgespreek word, is die gebrek aan ’n bruikbare skaal of ’n koderingsstelsel, die ongelooflike kwantiteit van die data wat geanaliseer moet word, en die goeie kans dat ’n steekproeffout gemaak kan word (Johnson & Johnson 1990:162). Dit volg ook logies dat enige vreemdeling wat die omgewing van die navorsingssubjek betree, nie dadelik in die vertrouwe van die waarnemingssubjek geneem word nie.

Daar ontstaan dus ’n verwante verhouding tussen die betroubaarheid en die geldigheid van waarnemingstudies wat getoets kan word deur ’n groot aantal strategieë. Hierdie strategieë behoort egter bepaal te word deur die spesifieke aard en konteks van die waarnemingstudie.

In die geval van gestruktureerde waarneming, stel Robson (1993:221) voor dat meer as een waarnemer gebruik word. In verskeie waarnemingstudies van ’n ongestruktureerde aard word triangulasie gebruik om betroubaarheid en geldigheid te verhoog. Triangulasie

word omskryf deur Brink (1993:37) as die gebruik van twee of meer databronne, metodes, ondersoekers, teoretiese perspektiewe en benaderings tot die analise van die studie van 'n enkele fenomeen en om dan die kongruensie tussen hulle te bekragtig. Burgess (1984:145) bespreek vier tipes triangulasies, naamlik data-, ondersoeker-, teorie- en metodologiese triangulasie. Dit val nie binne die omvang van hierdie studie om triangulasie in detail te bespreek nie. Tog moet enige waarnemer kennis dra van triangulasie en die utiliteitswaarde daarvan in 'n waarnemingstudie.

Lofland (1971:110) beskou waarneming as 'n komplekse proses waartydens die aktiwiteite kyk, luister en ondervraging interverweef word. Die afleiding kan dus gemaak word dat onderhoudvoering as 'n onlosmakende deel van waarneming beskou word (vgl. McNeill 1990:68). Tog word daar sterk bepleit dat die vrae in die onderhoud deur die situasie voor hande gelei moet word en dus ongestandaardiseerd moet wees (vgl. Dean, Eichhorn & Dean 1969:23). Desnieteenstaande kan die waarnemingstudie baat deur triangulasie deurdat die positiewe kenmerke en voordele van ander data-insamelingsmetodes komplimentêr gebruik kan word (Sommer & Sommer 1980:7; Robson 1993:192; Waddington 1994:110). Friedrichs en Lüdtke (1975:84-89) stel ook deelnemende waarneming tesame met onderhoudvoering voor in data-insameling, maar sluit veldeksperimente en aksienavorsing in as komplimentêre data-insamelingsmetodes vir waarnemingstudies.

## **ETIESE DILEMMAS RAKENDE WAARNEMINGSTUDIES**

Van die mees ooglopende etiese dilemmas wat die navorser in die gesig staar, is die misleiding van die waarnemingssubjekte (McNeill 1990:58; Friedrichs & Lüdtke 1975). Rakende die algehele deelnemersvlak van waarneming, word kritiek nie net uitgespreek teenoor die tegniese beperkinge van die betrokke waarnemingsvlak nie, maar ook oor die etiese implikasies daarvan (Gold 1969:39; Janes 1969:58; Robson 1993:192). Daar kan dus bespiegel en versoek word dat die identiteit van die informante geheim gehou moet word. In die volkekunde sien Coertze (1993:77) egter die gevaar dat die beginsel van ingeligte toestemming navorsing kan versmoor. Dieselfde kan van studies in die kommunikasiekunde gesê word.

Daar kan ook ander etiese dilemmas ontstaan. Die samelewing sou nooit toelaat dat die effek van sigareetrok op 'n tienjarige seun uitgetoets word as die navorser sigarette aan die seun verskaf nie.

Daarom moet navorsers in sulke sensitiewe gevalle eerder studies doen op die uitsonderlike gevalle wanneer sulke abnormaliteite in die samelewing voorkom (vgl. McNeill 1990; Sommer & Sommer 1980:38). Bulmer (1982:3) skryf dat die navorser altyd die effekte van sy aksies op die waarnemingssubjekte in gedagte moet hou. Die navorser moet optree in so 'n wyse dat die waarnemingssubjekte se regte en integriteit as menslike wesens bewaar word (Sommer & Sommer 1980:18). Sulke optrede word as eties beskou.

Selfs die skryf van die feite of interpretasies van die navorser in die navorsingsverslag kan as 'n etiese vraagstuk beskou word. Die vraag kan gevra word of die navorser die reg het om inligting te versamel rondom die aksies van die waarnemingssubjekte en om dan die inligting openbaar te maak en of dit nie 'n geval van privaatheidskending sal wees nie (McCall & Simmons 1969:260). Die publisering van 'n navorsingsverslag kan ongevraagde aandag van die publiek op die waarnemingssubjek plaas. So ook kan die feit dat die waarnemer en die waarnemingssubjek dikwels nie van dieselfde kultuur is nie, lei tot waninterpretasies deur die waarnemer, veral wanneer die verskille tussen die twee kulture marginaal is en die waarnemer dink dat hy die waarnemingssubjek se kultuur ten volle ken (Peil 1982:167). In dieselfde asem behoort die kommunikasienavorser tot objektiwiteit vermaan word.

## **ANALISERING VAN DIE DATA**

Analisering van die data kan begin sodra die navorser beseft dat teoretiese versadigdheid bereik is (of die befondsing vir die navorsing opgedroog het) en dat dit tyd is om die veld te verlaat (Waddington 1994:111). In die analisering van die data – sommige outeurs verkies die term analitiese beskrywings (McCall & Simmons 1969:3) – behou 'n magdom navorsers hul veldnotas vir so lank as wat hulle lewe. Sommige navorsers het hul veldnotas beskou as 'n verlenging van hulself (Ottenberg 1990:141). Ottenberg (1990:144) plaas ook groot waarde op die herinneringe van die navorser – die sogenaamde verstandsnotas. Dit wil tog voorkom asof enige tipe nota, gekrabbel of 'n blote herinnering, behulpsaam kan wees in die analisering van 'n waarnemingstudie.

Robson (1993:401) beskou die uitwysing van kousaliteit en patrone tussen verbandhoudende veranderlikes as belangrik in die analisering van waarnemingstudies. Soms word 'n derde veranderlike bygevoeg om die reaksie wat dit veroorsaak, waar te neem en dan te analiseer (Peil 1982:200).

## SAMEVATTING

Dit is dus duidelik dat waarneming gebruik word om waarhede rakende menslike bestaan te genereer wat gewortel is in die realiteit van die mens se daaglikse bestaan. Waarneming is 'n data-insamelingsmetode wat homself leen tot 'n wye verskeidenheid van navorsingsonderwerpe, soos byvoorbeeld kommunikatiewe gedragpatrone tussen kommunikasiegeneote van verskillende kulture, interpersoonlike aksies binne visvangergemeenskappe, die waarde van bergklim vir bergklimmers, verskille in nieverbale gedrag tussen dosente vanuit verskillende fakulteite, ervarings van hokkiespelers, ensovoorts (vgl. Jorgensen 1991:15). Hierdie vorm van data-insameling maak die navorser onlosmakend betrokke en vereis 'n oop en ondersoekende brein, deurstellingsvermoë en die vermoë om aan te pas (Waddington 1994:120).

Vir 'n geloofwaardiger weergawe van die werklikheid is triangulasie egter aan te beveel. Die gebruik van verskillende meetinstrumente of data-insamelingsmetodes verhoog die geldigheid en betroubaarheid van die navorsingstudie (Neuman 1994:140-141). Die navorser moet egter voortdurend die etiese implikasies van sy aksies en navorsing in gedagte hou.

Die waarde van waarneming as data-insamelingsmetode in gemeenskapskommunikasie kan nie miskien word nie. Waarneming kan heel behulpsaam wees in loodsstudies. Wimmer en Dominick (1994:143) skryf dat waarneming die navorser in staat stel om basiese agtergrondsinligting te definieer wat benodig word om die breë raamwerk vir die formulering van 'n hipotese daar te stel en om onafhanklike en afhanklike veranderlikes te identifiseer. Maar waarneming hoef nie net beperk te word tot loodsstudies nie. In gevalle waar die kwantifisering van data moeilik uitvoerbaar is of waar 'n vollediger respons vanaf respondente benodig word, bied waarnemingstudies 'n werklike kwalitatiewe alternatief op kwantitatiewe metodes.

## VERWYSINGS

- Analoui, F. & Kakabadse, A. 1992. Unconventional practises at work: Insight and analysis through participant observation. *Journal of Managerial Psychology* 7(5):2-29.
- Becker, H.S. & Geer, B. 1969. Participant observation and interviewing: A comparison. In: McCall & Simmons 1969:322-331.
- Brink, H.I.L. 1993. Validity and reliability in qualitative research. *Curationis* 16(2):35-38.
- Bruyn, S.T. 1966. *The human perspective in sociology. The methodology of participant observation*. Englewood Cliffs: Prentice-Hall.
- Bulmer, M. (Ed.). 1982. *Social research ethics*. London: MacMillan Press.
- Burgess, R.G. 1984. *In the field. An introduction to field research*. London: George Allen & Unwin.
- Cassell, C. & Symon, G. (Eds.). 1994. *Qualitative methods in organizational research. A practical guide*. London: Sage.
- Coertze, R.D. 1993. Deelnemende waarneming: Waarnemende ondervraging of ondervraging in diepte. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Etnologie* 16(3):69-79.
- Dean, J.P., Eichhorn, R.L. & Dean, L.R. 1969. Limitations and advantages of unstructured methods. In: McCall & Simmons 1969: 19-24.
- Friedrichs, J. & H. Lüdtke. 1975. *Participant observation. Theory and practice*. Weinheim: Saxon House/Lexington Books.
- Gold, R.L. 1969. Roles in sociological field observations. In: McCall & Simmons 1969:30-39.
- Henning, E. 1993. Ethnography as classroom research methodology. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde* 13(3):112-118.
- Hutt, S.J. & Hutt, C. 1974. *Direct observation and measurement of behavior*. Springfield: Thomas Books.
- Janes, R.W. 1969. A note on phases of the community role of the participant-observer. In: McCall & Simmons 1969:52-60.
- Johnson, A. & Johnson, O.R. 1990. Quality into quantity: On the measurement potential of ethnographic fieldnotes. In: Sanjek 1990:161-186.

- Jorgensen, D.L. 1991. *Participant observation. A methodology for human studies*. Newbury Park: Sage.
- Lederman, R. 1990. Pretexts for ethnography: On reading fieldnotes. In: Sanjek 1990:71-91.
- Leik, R.K. 1972. *Methods, logic, and research of sociology*. New York: Bobbs-Merrill.
- Lofland, J. 1971. *Analyzing social settings*. Belmont, CA: Wadsworth.
- Maykut, P. & Morehouse, R. 1994. *Beginning qualitative research. A philosophic and practical guide*. London: Falmer Press.
- McCall, G.J. & Simmons, J.L. (Eds.) 1969. *Issues in participant observation: A text and reader*. London: Addison-Wesley.
- McNeill, P. 1990. *Research methods*. London: Routledge.
- Mitchell, P.K. 1982. The spatial context: Maps and air photographs. In: Peil 1982:61-96.
- Neuman, W.L. 1994. *Social research methods. Qualitative and quantitative approaches*. Boston: Allyn and Bacon.
- Ottenberg, S. 1990. Thirty years of fieldnotes: Changing relationships to the text. In: Sanjek 1990:139-160.
- Peil, M. 1982. *Social science research methods. An African handbook*. London: Hodder and Stoughton.
- Robson, C. 1993. *Real world research. A resource for social scientists and practitioner-researchers*. Oxford: Blackwell.
- Sanjek, R. (Ed.). 1990. Fieldnotes. *The making of anthropology*. New York: Cornell University Press.
- Schwartz, M.S. & Green Schwartz, C. 1969. Problems in participant observation. In: McCall & Simmons 1969:89-105.
- Sommer, R. & Sommer, B.B. 1980. *A practical guide to behavioral research. Tools and techniques*. New York: Oxford.
- Vidich, A.J. 1969. Participant observation and the collection and interpretation of data. In: McCall & Simmons 1969:78-87.
- Waddington, D. 1994. Participant observation. In: Cassell & Symon 1994:107-122.
- Wimmer, R.D. & Dominick, J.R. 1994. *Mass media research*. Belmont, CA: Wadsworth.